# JAARVERSLAG

Pharos
Gemeenskap Sentrum • Community Centre

MAART 2023 – FEBRUARIE 2024

**"LOOF DIE HERE, WANT HY IS GOED, AAN SY LIEFDE IS DAAR GEEN EINDE NIE!"**

Die Psalmdigter van Psalm 107 moedig die mense wat deur die Here uit hulle nood en ellende bevry is, aan om die Here met oorgawe te loof en te prys. En hier by Pharos, waar ons midde in die brandpunt van uiterse nood en armoede staan, kan ons ook nie anders nie, as om te sê: **LOOF DIE HERE, WANT HY IS SO GOED!!**

Ons ervaar sy goedheid, liefde en sorg daagliks op soveel terreine. Ons dank Hom vir **15 BESTAANSJARE** waarin ons so intens bewus was van sy nabyheid en kragtige voorsiening wat ons in staat gestel het om ons deure oop te hou.

**Hiermee wil ons graag almal wat betrokke is by Pharos aan ons lesers bekend stel:**
**Personeel van Pharos:**
*Annalie Taute* – Bestuurder en Maatskaplike werker
Marlene Coetzee – Bedieningskoordineerrder, Administrasie & Admin
Virna van der Walt – Neem by Marlene oor, 1 Oktober 2023 en is ook 'n Maatskaplike Hulp Werker
Annah Mine – Algemene Kantoorhulp en leier van die Sepedi Bediening en Projek Hanna
Wessel Grobler – Kantoorhulp, 3 oggende per week

**Raadslede:**
*Fanie Kerkhoff – Voorsitter*
Christo Botha
Hester Burger
Werner Bruhns
Chris Harmse
Jaco Hattingh
Shani Roodt
Barry Swanevelder
Johan Taute
Ilze van der Westhuizen

**Klerebediening:**
*Kittie Smith*
Ilze Basson
Betsie Blamire
Theresa Bosch
Petra Botha
Alta Kloppers
Anita Zeeman
Rettie Stokes
Linda Meyer

**Kosbediening:**
*Annemarie de Bruyn*
Elsa Ferreira
Elise Loubser
Petra van Eck

**Projek Hanna:**
*Annah Mine*
Hannelie Janse van Rensburg
Benjamin Saccaggi
Eva van Rooyen

**Kos – Straatbedelaars:**
*Stephanie Engelbrecht*

**Lifeskills:**
*Theuns du Plessis*

**Skryfbehoeftes:**
Estelle Bruhns

**Nutsman:**
*Gideon Moller*

**Werksoek Forum:**
*Rudi de Jager*
Mel Lachenicht

**Trudreams:**
*Hester Burger*

**Gemeenskap Besigheid Inisiatief:**
*Paul le Roux*
Mel Lachenicht
Patrick Palmer

**Kersprojek:**
Paulo & Familie
Henri Moll

Dit is vir ons ` n voorreg om as volg verslag te doen oor ons werksaamhede van die afgelope boekjaar:

**1. MAATSKAPLIKEWERK-DIENSTE**

- Die tipe probleme wat die maatskaplike werker hanteer, sluit ` n wye verskeidenheid in, byvoorbeeld alkoholisme en afhanklikheid van ander dwelms, huweliks- en gesinsprobleme, emosionele probleme, depressie en angs, werkloosheid en gepaardgaande finansiële probleme, asook onverwerkte trauma waarmee mense worstel.

- ` n Gemiddeld van 100 sessies per maand het plaasgevind met individue en soms ook egpare.

- Die maatskaplike werker is die kantoorbestuurder en is verantwoordelik vir die daaglikse bestuursake by Pharos.

- Sy verskaf ook leiding en ondersteuning aan projekleiers in die uitvoering van hulle take.

- Ten einde samewerking te bevorder, duplisering uit te skakel en by te dra tot goed gekoördineerde dienslewering in Pretoria-Oos, skakel die Maatskaplike Werker met die Maatskaplike Werkers van CMR, Solidariteit/Helpende Hand, asook die omliggende skole en kerke. Een van Pharos se vrywilligers dien namens Pharos/Lux Mundi op CMR Faerie Glen tak se Bestuur.

**2. KOSPROJEK**

Met die jaarlikse styging in voedsel- en brandstofpryse, asook ander dienste, veroorsaak dit dat die man op straat nie die kapasiteit het om kop bo water te hou nie. Dit plaas dus meer druk op Pharos se bronne.

Gevolglik word daar  weekliks groot hoeveelhede kos versprei na behoeftige individue en gesinne. Begunstigdes se omstandighede word noukeurig deur die maatskaplike werker geëvalueer. Daarna word die versoek verwys na die kosspan, bestaande uit `n groep dinamiese en bekwame vrywilligers. Hulle stel die kospakkies saam volgens elkeen se behoefte.

Gedurende die afgelope jaar het:

- 39 Gesinne het maandeliks kruideniersware ontvang.
- Die kos-projek het donasies ter waarde van R 200 991 ontvang en kos ter waarde R 89 000 aangekoop.  Die waarde van die kos wat versprei is, beloop R 247 557.60 (R20 629.80 pm).
- Kruideniersware ter waarde van R89 002 is aangekoop.
- Kosvoorrade word aangevul deur verskeie bydraes van "Vriende van Pharos".  Die deurlopende bydraes van Lux Mundi se lidmate speel `n onmisbare rol. Daarmee saam, maak die bydraes deur besighede en skole ook `n groot verskil.
- Die Garscom netwerk voorsien ook gereeld bydraes om ons te ondersteun
- Gedurende 2023 het hulle R16 834 se nie-bederfbare items ingesamel.

## 3. KOS VOORSIEN AAN STRAATBEDELAARS

Gegee die toenemende aantal mense wat op straathoeke bedel, het ons dit goedgedink om uit te reik na hulle met kos. Die idee was enersyds kosvoorsiening om mense se basiese honger te stil. Andersyds was die motief ook om te voorkom dat groot getalle honger mense by robotte vergader en motoriste oorval met bedelary. Dit plaas onnodige emosionele druk op motoriste om net geld in bedelaars se hande te stop.

Hierdie projek is egter nog in sy kinderskoene en kon nog nie verder ontwikkel word nie.

## 4. KLERE-PROJEK

Vanweë beperkte fondse ervaar baie mense in minderbevoorregte omstandighede `n groot behoefte aan klere en skoene.

Daarom is dit belangrik om goeie gehalte klere uit die gemeenskap te versamel wat aan sulke mense uitgedeel kan word.

Oor die jare het ons sentrum daarin geslaag om `n wye netwerk van bronne te bekom wat klere aan ons skenk. Met die groeiende behoeftes van ons mense, bly dit steeds `n uitdaging om in die behoeftes van alle kategorieë te voorsien.

Groot hoeveelhede klere wat weekliks ontvang word, word gesorteer en versprei na behoeftige individue, gesinne en instansies op aanbeveling van die maatskaplike werker.  Instansies wat baat by die verspreiding, is verskeie CMR takke (Faerie Glen, Bronkhorstspruit, Cullinan en Silverton), Qumi Homes, Eljada, asook die woongebiede van Eersterust, Hammanskraal, die Middestad en Weste van Pretoria.  Uitreike na Ohrigstad, Hartbeespoort, Rustenburg, Zimbabwe en Mosambiek het ook klere ontvang.

Gedurende die pasafgelope boekjaar is:

- Klere ter waarde van R439 200 is ontvang.

- Klere ter waarde van R444 600 is aan 146 afsetpunte voorsien.

## 5. TRUDREAMS

In die groter Pretoria is daar verskeie matrikulante wie se ouers nie in staat is om `n mooi uitrusting vir die Matriekafskeid te bekostig nie. Deur middel van die Trudreams projek word daar juis uitgereik na hierdie jongmense om dit vir hulle moontlik te te maak om `n glansryke afskeid saam met hulle vriende voluit te geniet.

Trudreams beskik oor `n groot verskeidenheid aandrokke, skoene en bykomstighede, asook manspakke waaruit hulle kan kies.

Vir diegene wat oor geen fondse beskik nie, word die klere gratis bekikbaar gestel vir die aand, terwyl ander dit teen `n minimale tarief kan huur.

Deur middel van hierdie projek is 11 leerders bygestaan om van hierdie spesiale funksie `n onvergeetlike ervaring te maak.

## 6. PROJEK HANNA

Die projek Hanna is `n inisiatief van Annah Mine wat die leier van die Sepedi-bediening is. Huiswerkers by die Sepedi-bediening het die behoefte uitgespreek om toegerus te word met naaldwerkvaardighede ten einde artikels vir hulleself te kan maak.
`n Groep dames van Lux Mundi-gemeente onder leiding van Hannelie Janse van Rensburg gee tans onderrig aan die huiswerkers. Benjamin Sacaggi, The Green Tailor is ook betrokke by die onderrig wat tans op Saterdae plaasvind.

Die groep huiswerkers van 14 maak verskillende artikels wat die volgende insluit:

Rompe, Tafeldoeke, Voorskote, Drasakke, Pennetjiesakke, Gordyne, Tafeldoeke, Bybel-oortreksels en Duvet-oortreksels.

Die doel van die projek is om die huiswerkers sodanig te bemagtig dat hulle hulself beter kan versorg en `n inkomste daaruit kan verdien.

## 7. SKRYFBEHOEFTE-PROJEK

Skryfbehoeftes is noodsaaklike toerusting vir leerders om die skooljaar gereed en met selfvertroue te kan aanpak. Vanweë die gebrek aan fondse is dit nie vir alle ouers moontlik om in hierdie behoeftes van hulle kinders te kan voorsien nie. Daarom verskaf Pharos hierdie diens aan behoeftige leerders van Laerskool Garsfontein asook Hoërskool Garsfontein. Personeel van die Ondersteuningsdienste van die betrokke skole help met die identifisering van die leerders. Hierdie diens word ook beskikbaar gestel vir behoeftige kinders van kliënte by die CMR.

- In die pasafgelope boekjaar is 102 behoeftige leerders van skryfbehoeftes voorsien. Dit sluit leerders by Hoër- en Laerskool Garsfontein in, asook kinders geïdentifiseer deur maatskaplike werkers by al die CMR takke van Oostelike Sinode. Die bedrag wat spandeer is, beloop R 38 000.

## 8. HAWELOSES EN WERKLOSES

Talle hawelose en werklose mans uit ons buurstate asook landelike omgewings kom na Pretoria in `n desperate poging om werk te bekom. Hulle is dikwels afkomstig uit sogenaamde “child headed households” en beskik nie altyd oor die basiese vaardighede om hulleself te handhaaf in die ope arbeidsmark nie. Daarom is die aanleer van basiese lewensvaardighede `n noodsaaklikheid.

Elke Donderdagoggend word lewenswaarhede aan hulle oorgedra met die Bybel as basis. Saam daarmee ontvang hulle rantsoenpakke, bestaande uit 1kg Mieliemeel en Sojamaalvleis, asook brood. Diegene wat dit benodig, ontvang ook hulp van die Maatskaplike werker.

- In totaal is daar 1 816 rantsoenpakke met nie-bederfbare kos aan hierdie groep mense uitgedeel.
- Skoon klere, komberse, handreinigers, asook maskers is aan hulle voorsien.

**9. KERSDAGPROJEK (“HAMPERS”) VIR HAWELOSES**

Kersdag is `n Gesinsdag en `n dag wat mense graag saam met hulle families wil deurbring. Talle haweloses wat rondswerf in Pretoria het nie meer kontak met hulle mense nie, of het ook nie die finansiële vermoë om na familie/vriende te reis nie. Hulle ervaar gevoelens van eensaamheid en verwerping. Daarom is dit juis belangrik om op Kersdag uit te reik na hierdie randfigure in die samelewing om hulle spesiaal te laat voel.

Deur middel van hierdie projek word daar in hulle basiese lewensbehoeftes voorsien, soos toiletware, nie-bederfbare produkte, ens. `n Nuwe Testament in `n Afrika-taal met `n gepaste Kersboodskap word ook ingesluit.

- Op Kersdag is 60 “Hampers” uitgedeel.

**10. WERK SOEK FORUM**

Met die werkloosheidsyfer in ons land wat beraam word op 32% en steeds styg, is daar talle werksoekers wat desperaat wag op `n werksgeleentheid. Om die konsep van werkloosheid te versag, as gevolg van die stigma wat sommiges daaraan koppel, het ons by Jakob se Put geleer om eerder te verwys na mense “tussen werke”.

Hierdie probleem tref alle ouderdomsgroepe baie erg, maar dis veral ouer persone wat deur afleggingsprosesse hulle werk verloor en hulleself as oorbodig beleef en wat unieke probleme ondervind. Dikwels beleef hierdie kategorie mense die arbeidsmark as ontoeganklik en moet hulle op alternatiewe wyses probeer om hulle inkomste te genereer.

Gedurende die afgelope jaar het hierdie projek `n naamsverandering ondergaan en staan nou bekend as die WERK SOEK FORUM met `n unieke karakter.

Die groep vergader op Donderdagoggende en die wedersydse ondersteuning vorm `n belangrike fondament waar hulle ook vanuit die Skrif bemoedig en versterk word.

Aspekte waarop daar tydens die byeenkomste gefokus word, is:

- Riglyne vir CV’s en voorbereiding vir Onderhoude
- Waar en hoe om Werk te soek
- Die Werk-soek-proses: Wat werk en wat werk nie

- Selfverkenning: Ontsluit potensiaal: Persoonlikheid, Sterk punte, Passies, Waardes, Doelwitte, Struikelblokke, ens

Diegene wat persoonlike probleme ondervind, word na die maatskaplike werker verwys vir hulpverlening.

- Gedurende die pasafgelope boekjaar het 32 persone by die forum aangemeld.

**11. GEMEENSKAPSBESIGHEIDSINISIATIEF (GBI)**

Hierdie projek het ontstaan as gevolg van grootskaalse werkloosheid.

Die fokus van GBI is om `n onafhanklike, volhoubare en toeganklike besigheidsontwikkelingskapasiteit te vestig wat die gemeenskap se besigheidspotensiaal ontsluit tot eer van God.

Dit word bewerkstellig wanneer die liggaam van Christus saam werk.

Gedurende die jaar wat verby is, het die GBI-span interaksie gehad met meer as 25 persone by meer as 53 fokusgroep-byeenkomste. Die Fokusgroep sessies vind plaas op Woensdae by Pharos en word bygewoon deur gemiddeld tussen 6 tot 8 persone.

Daar vind doelgerigte ondersteuning van entrepreneurs plaas, eerstens deur besigheidsidees te toets en dan die entrepreneursvaardighede van die persoon te evalueer. Daarna volg die besigheidsplan en verdere ontwikkeling van die besigheid.

Op hierdie wyse is 5 besighede aktief ondersteun.

`n Kookskool vir Huishulpe het ook op hierdie wyse tot stand gekom.

Deur middel van hierdie projek het 5 persone emosionele genesing ervaar.

Tans is die GBI se webwerf ook aktief.

Hatfield Baptiste Kerk het ook aangesluit by GBI wat meebring dat 4 kerke se verteenwoordigers tans ingeskakel is by GBI.

**12. CHICS@PHAROS**

Die afkorting CHICS staan vir COMMUNITY HOUSEHOLDS INTERFACE CARE AND SUPPORT en hulle gebruik die logo van `n kuikentjie om daarmee uit te beeld dat hulle brose kinders (soos VIGS-wesies) wil beskerm. CHICS wil verseker dat behoeftige kinders in gesonde en funksionele huishoudings groot word deur die bemagtiging en uitbouing van ouerskapsvaardighede. Die gedagte is dat hoe meer ouers tuis belê in die lewenskwaliteit van hulle kinders, asook hul kinders inskakel by vroeë opvoedkundige programme soos die sogenaamde Early Childhood Development Centres (ECD), hoe groter is die kanse dat die kinders sal floreer.

Verskillende modelle is al in die praktyk getoets en die model wat die beste resultate toon, is die een waar die hoofde van die ECD's self betrokke is. Dit is meer koste-effektief, volhoubaar en die model wat die grootste impak het. In die proses word gemeenskapsnetwerke versterk tussen die kerke, skole en dagsorgsentrums. Pharos ondersteun die Mamelodi-tak van hierdie projek reeds sedert Nov 2011.

- R43 200 is gedurende 2022/23 aan CHICS oorbetaal.

## 13. PHAROS NOODSORG

Die impak van ons wankelende ekonomie, beurtkrag en hoë brandstofpryse het veroorsaak dat besighede moes afskaal, personeel afgelê is en gesinne wat reeds finansieel probleme ervaar het, nog verder onder druk geplaas is. Dit is hier waar Pharos talle mense moes ophelp en bystaan.

Wanneer die gesinshoof nie in staat is om in die basiese behoeftes van die gesin te voorsien nie, plaas dit soveel stremming op die huweliks- en gesinsverhoudinge. Frustrasievlakke styg en dit het `n negatiewe invloed op die kinders se gedrag en skoolprestasie. Om dit te verhoed en ouers te bemagtig, is daar by verskeie geleenthede ingetree en die druk verlig. Dit word op `n diskrete en sensitiewe wyse hanteer om mense te bemagtig, maar terselfdertyd nie afhanklikheid in die hand te werk nie.

- 30 Gesinne/Huishoudings is finansieel ondersteun.
- Daar is R182 565 bestee aan die nood van individue en gesinne vir betaling van noodsaaklike uitgawes. (Dit sluit munisipale rekeninge, huurgeld, medikasie, ens in.)

## 14. NETWERKE

In die werk wat ons doen, is `n sterk ondersteuningsnetwerk vir Pharos `n belangrike prioriteit. Daarom is ons baie dankbaar en bevoorreg om die lojale steun en vertroue van die gemeenskap te kon verkry oor die afgelope aantal jare. Ons plaas `n hoë premie op verhoudinge met instansies soos die SAPD, die veiligheidsforums (GarsCom en GarsHigh), die CMR, die omliggende hoër- en laerskole, Ringsgemeentes, ander kerke, Solidariteit/Helpende Hand, Moeggesukkel Rehabiltasie Sentrum, die sakegemeenskap, ens.

## PAD VORENTOE

Dit is ons doel om altyd relevant te bly en `n diens te lewer wat beantwoord aan die veranderende behoeftes in die gemeenskap.

Ons is bewus van faktore soos hoër brandstofpryse, die stygende werkloosheidsyfer, stygende voedselpryse en beurtkrag wat `n invloed het op mense se funksionering. Gevolglik word ons dienslewering en ons hulpbronne ook onder druk geplaas.

Ten spyte van al die uitdagings bly dit steeds ons strewe om:


- die plaaslike gemeenskap te dien deur deurlopende ondersteuningsdienste aan mense wat nood ervaar.
- behoeftiges by te staan en te bemagtig sodat hulle selfstandig en menswaardig kan funksioneer.
- mense in staat te stel om betrokke te raak by nood in hul eie gemeenskap.
- volhoubare ontwikkelingsprojekte te loods en te ondersteun.

## BEDANKINGS

Pharos beskik oor die dienste van slegs drie voltydse personeellede. Vir die res van die werk – veral ons projekte - maak ons staat op vrywilligers om ons by te staan.

Daarom is ons opreg dankbaar vir die toewyding en lojaliteit van:
38 Vrywilligers
88 Donateurs en
Talle Vriende van Pharos, asook Gebedsondersteuners wat ons daagliks bemoedig en vir ons intree.
Ons is bevoorreg om `n dinamiese groep projekleiers te hê wat hulle spanne goed mobiliseer.
Pharos se Bestuur onder die bekwame Voorsitterskap van Fanie Kerkhoff bied vir ons waardevolle ondersteuning en advies op `n gereelde basis.
Saam daarmee wil ons `n hartlike woord van dank rig aan die volgende persone wat almal ons hande sterk om gestalte te gee aan die Roeping wat aan ons toevertrou is.
Hulle is by name:

- Claudie Louw vir haar hulp met ons "facebook posts", ens.
- Jonathan Eloff met die hantering van die WEB.
- Lux Mundi Gemeenteraad, leraars en kantoorpersoneel, asook
- Lux Mundi Gemeentelede.


Gemeenskaps
Besigheids
Inisiatief
Berading
Werk Soek
Forum
Kospbediening
Kersdagprojek
Klerebediening
Life Skills
TruDreams
Skryfbehoeftes
Projek Hanna